BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 31 Maart 1978 WINDHOEK Fridav 31 March 1978 No. 3724

INHOUD: *Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 19 Proklamasie op die Bestuur van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust in Suidwes-Afrika, 1978 .............................. 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 Maart 1978)*

No. AG. 19 1978

OORDRAG VAN BESTUUR VAN SUID-AFRIKAANSE BANTOETRUST AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 23 Maart 1978

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie —

(i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (ii)

(ii) "Republiek" die Republiek van Suid-Afrika; (i)

CONTENTS: *Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 19 Administration of the South African Bantu Trust in South West Africa Proclamation, 1978 .............................. 1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 17 March 1978)*

No. AG. 19 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF SOUTH AFRICAN BANTU TRUST TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 23 March 1978

SCHEDULE

*Definitions*

1. (1) In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

(i) "Republic" means the Republic of South Africa; (ii)

(ii) "territory" means the territory of South West Africa; (i)

(iii) "Trust" die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ingestel by artikel 4 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936). (iii)

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

*Oordrag van bestuur van Trustsake in die gebied aan die Administrateur-generaal*

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie, word die sake van die Trust in en ten opsigte van die gebied deur die Administrateur-generaal bestuur, en is die Administrateur-generaal vir dié doel die Trustee van die Trust.

*Toepassing van wette*

3. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word 'n verwysing in enige wet vir sover dit van toepassing is of betrekking het op of in verband staan met die sake van die Trust in of ten opsigte van die gebied —

(a) na die Trustee van die Trust, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal as Trustee van die Trust ingevolge artikel 2;

(b) na die Staatspresident (anders as Trustee van die Trust) of na die Parlement (met inbegrip van die Senaat of die Volksraad) of Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling of Minister van Finansies van die Republiek, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal;

(c) na die Staat of na die Regering van die Republiek, uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal;

(d) na die *Staatskoerant* van die Republiek, uitgelê as 'n verwysing na die *Offisiële Koerant* van die gebied.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op —

(a) artikel 6 *bis* (3) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), en die verwysing in artikel 8 van daardie Wet, vir sover dit die instelling van die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds betref, na die Trustee;

(b) die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968);

(iii) "Trust" means the South African Bantu Trust established by section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936). (iii)

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

*Transfer of administration of Trust affairs in the territory to the Administrator-General*

2. Notwithstanding any provisions to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation, the affairs of the Trust in or in respect of the territory shall be administered by the Administrator-General, and the Administrator-General shall for that purpose be the Trustee of the Trust.

*Application of laws*

3. (1) Subject to the provisions of subsection (2), any reference in any law in so far as it applies or relates to or is connected with the affairs of the Trust in or in respect of the territory —

(a) to the Trustee of the Trust, shall be construed as a reference to the Administrator-General as Trustee of the Trust in terms of section 2;

(b) to the State President (otherwise than as Trustee of the Trust) or to the Parliament (including the Senate or the House of Assembly) or Minister of Bantu Administration and Development or Minister of Finance of the Republic, shall be construed as a reference to the Administrator-General;

(c) to the State or to the Government of the Republic, shall be construed as including a reference to the Administrator-General;

(d) to the *Gazette* of the Republic, shall be construed as a reference to the *Official Gazette* of the territory.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply to —

(a) section 6 *bis* (3) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), and the reference in section 8 of that Act, in so far as it relates to the establishment of the South African Bantu Trust Fund, to the Trustee;

(b) the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968);

(c) dié bepalings van 'n wet in subartikel (1) van hierdie artikel bedoel wat die Administrateur-generaal bepaal, in dié mate of met betrekking tot dié aangeleentheid en vanaf dié datum (wat 'n datum vroeër as die datum van die bepaling kan wees) wat hy bepaal, en wat deur die Hoofdirekteur van die Kantoor van die Administrateur-generaal by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak word.

(3) By die toepassing van artikel 9 *bis* van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936, op die boeke en rekenings wat op die bestuur van die Trust deur die Administrateur-generaal ingevolge hierdie Proklamasie betrekking het, word die woorde "en die Minister van Finansies" in subartikel (3) van daardie artikel, en subartikel (4) van daardie artikel, geag geskrap te wees.

*Delegering van bevoegdhede*

4. (1) Die Administrateur-generaal kan 'n bevoegdheid wat by 'n wet soos deur artikel 3 toegepas aan hom verleen word, behalwe 'n bevoegdheid om 'n proklamasie uit te vaardig of om regulasies of reëls te maak, aan die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of 'n beampte in die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wat in die gebied diens doen, delegeer, en genoemde Sekretaris kan 'n bevoegdheid wat aldus aan hom gedelegeer is of wat by so 'n wet aan hom verleen word, aan enige beampte in daardie Departement delegeer.

(2) Die genoemde Sekretaris word nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat hy kragtens subartikel (1) gedelegeer het nie, en kan 'n beslissing deur die betrokke beampte by die uitoefening van daardie bevoegdheid gegee, wysig of intrek.

(3) Die Administrateur-generaal word nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat deur hom gedelegeer is nie, en kan 'n beslissing by die uitoefening van daardie bevoegdheid gegee, met inbegrip van 'n beslissing deur genoemde Sekretaris kragtens subartikel (2) gegee, wysig of intrek.

(4) Waar 'n bevoegdheid aan die bekleder van 'n pos gedelegeer is, kan daardie bevoegdheid uitgeoefen word deur die persoon wat te eniger tyd die werksaamhede verrig wat aan daardie pos verbonde is.

(5) Die bepalings van hierdie artikel belet nie 'n delegering wat deur 'n in subartikel (1) bedoelde wet gemagtig word nie.

*Oorgangsbepalings*

5. Enigiets wat voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie gedoen is kragtens 'n wet in subartikel (1) van artikel 3 bedoel, word geag kragtens daardie wet soos deur daardie subartikel toegepas, gedoen te wees.

(c) such provisions of a law referred to in subsection (1) of this section as the Administrator-General may determine, to such extent or with reference to such matter and with effect from such date (which may be a date earlier than the date of the determination) as he may determine, and made known by the Chief Director of the Office of the Administrator-General by notice in the *Official Gazette.*

(3) In the application of section 9 *bis* of the Bantu Trust and Land Act, 1936, to the books and accounts relating to the administration of the Trust by the Administrator-General in terms of this Proclamation, the words "and the Minister of Finance" in subsection (3) of that section, and subsection (4) of that section, shall be deemed to be deleted.

*Delegation of powers*

4. (1) The Administrator-General may delegate any power conferred upon him by any law as applied by section 3, other than a power to issue a proclamation or to make regulations or rules, to the Secretary of Bantu Administration and Development or to an officer in the Department of Bantu Administration and Development who is stationed in the territory, and the said Secretary may delegate any power so delegated to him or conferred upon him by any such law, to any officer in that Department.

(2) The said Secretary shall not be deprived of a power delegated by him under subsection (1), and may alter or withdraw any decision given by the officer concerned in the exercise of that power.

(3) The Administrator-General shall not be deprived of a power delegated by him, and may alter or withdraw a decision given in the exercise of that power, including a decision given by the said Secretary under subsection (2).

(4) Where a power has been delegated to the holder of a post, that power may be exercised by the person who for the time being performs the functions attached to such post.

(5) The provisions of this section shall not prohibit any delegation authorized by a law referred to in subsection (1).

*Transitional provisions*

5. Anything done under a law referred to in subsection (1) of section 3 before the commencement of this Proclamation, shall be deemed to have been done under that law as applied by that subsection.

*Kort titel en inwerkingtreding*

6. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Bestuur van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust in Suidwes-Afrika, 1978, en tree op 1 April 1978 in werking.

*Short title and commencement*

6. This Proclamation shall be called the Administration of the South African Bantu Trust in South West Africa Proclamation, 1978, and shall come into operation on 1 April 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.